

# Baanbrekersvergadering tussen landboustrukture

## *Fidelity ADT gee landelike veiligheid hupstoot*

### • Vrystaat Landbou

'n Baanbrekersvergadering en 'n eerste stap om veiligheid en misdaad in landelike gebiede op 'n hoër vlak aan te spreek. Só het Jakkals le Roux, Voorsitter van die Landelike Veiligheidskomitee by Vrystaat Landbou (VL), 'n belangrike vergadering tussen georganiseerde landbou en Fidelity ADT beskryf. Die doel van dié vergadering, tussen Fidelity ADT, VL, Agri Noord-Kaap, die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) in die Vrystaat en Noord-Kaap én Agri SA, was om aspekte wat groter veiligheid en bekamping van misdaad op die kommersiële landbousektor in die Vrystaat en Noord-Kaap te versterk. Die voorkoming van ernstige gewelds- en eiendomsverwante misdade vorm deel hiervan. Die vergadering het op 29 April 2019 by die Middelwater Plaas Hotel buite Bloemfontein plaasgevind.

Tommie Esterhuyse, Voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid by Agri SA, het gesê die betrokkenheid en uitbreiding van Fidelity ADT se voetspoor in die landelike gebiede, in samewerking met landbouers, gaan in alle areas tot 'n "wen-wen situasie" lei. Esterhuyse is ook Vise-president van VL. Fidelity ADT wil samewerking en vennootskappe in landbougemeenskappe in die twee provinsies uitbrei deur samewerking tussen bestaande plaaswagte en bestaande Fidelity ADT beheerkamers te bevorder. Wahl Bartmann, Hoof Uitvoerende Beampte van die Fidelity-dienstegroep, en sy span deskundiges het die

vergadering bygewoon. Alle streeksveiligheidsvertegenwoordigers van VL, afgevaardigdes van Agri Noord-Kaap en die RPO was ook teenwoordig.

Die toename in veral eiendomsverwante misdade op landbougrond, waarvan veediefstal die grootste georganiseerde misdaad is, sal deur middel van groter tegnologiese hulpmiddels, verbeterde inligtingsvloei en groter toetrede van privaatsekuriteit aangespreek word. Die integrering van kamerastelsels en inligting vanaf bestaande plaaswagte, die identifisering van hoë misdaadareas, asook die opleiding van die lede van landbouverenigings en gebiedskantore van georganiseerde landboustrukture is bespreek. Volgens Le Roux is 'n taakspan saamgestel om maandeliks te vergader om die vordering met die implimentering, die vloei van inligting en aspekte om veiligheid en misdade te integreer met verbeterde tegnologiese hulpmiddels en behoeftebepalings te doen. Al die aksies wat geloods is, word in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) binne die raamwerk van die hersiene Landelike-beveiligingsstrategie, gedoen. Een hiervan, wat binnekort begin word, is geïntegreerde vergaderings met alle plaaswagte, sekuriteitsmaatskappye en die SAPD wat in landelike gebiede en landbougemeenskappe betrokke is by veiligheid en misdaad in georganiseerde landbou se strukture.

Joe Scholtz en Johann Stadler, onderskeidelik van die RPO se Veediefstal-voorkomingsforums in Agri Noord-Kaap en

die Vrystaat, is oortuig dié ooreenkoms gaan landbougemeenskappe bemagtig om hul diens, betrokkenheid en inskakeling te verbeter.

Die befondsing van Agri Securitas wat betref tegnologiese stelsels in landelike gebiede in hoë misdaad areas was ook 'n groot prioriteit by die vergadering. "Hierdie is nie net 'n hande-vat aangeleentheid wat tot

voordeel van landelike gemeenskappe is nie, maar beklemtoon die erns waarmee landelike misdaad aangespreek moet word," het Esterhuyse gesê. "Die betrokkenheid van grondvlakstrukture, wat bydra tot die sukses in die voorkoming en bekamping van landelike misdaad, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Want veiligheid begin by jouself."




**Magic**  
LAWNS (PTY) LTD

**INSTANT LAWN**

at *winter special prices*

Tel (016) 428 1116/1193 | Arconpark, Vereeniging

**PLANT COLLECT DELIVER**

<b>POSITION TITLE</b>	Millwright, Pakworks (Pty) Ltd	
<b>MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS</b>	Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies. The position will report to the Technical Manager and will ensure efficient and effective operation of electric works, quick and effective mechanical repairs.	
<b>LOCATION</b>	The position will be based in Heilbron, South Africa.	
<b>REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING</b>	Grade 12 or N3 Approved Apprenticeship Program Trade Test – Electrical and Mechanical	
<b>REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Minimum 3 years experience in required trade.</li> </ul>	
<b>KEY PERFORMANCE AREAS</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Plant maintenance: Electrical and Mechanical.</li> <li>Plant repairs.</li> <li>Executing minor projects to improve facilities.</li> <li>Standby and related adhoc duties.</li> <li>Housekeeping.</li> <li>Adhering to all food health and safety requirements.</li> <li>Any other tasks assigned to the incumbent from time to time.</li> </ul>	
<b>TECHNICAL KNOWLEDGE / COMPETENCIES</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Specific knowledge and experience of the field.</li> <li>Knowledge of the maintenance system.</li> <li>Operation of manufacturing equipment.</li> <li>Mechanical and Electrical inclined.</li> <li>Problem solving.</li> <li>Crisis Management.</li> </ul>	
<b>BEHAVIOURAL COMPETENCIES</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Highly motivated and results orientated.</li> <li>Work and operate independently.</li> <li>Ability to trouble shoot, remain calm and initiate effective solution in crisis.</li> <li>Positive attitude.</li> <li>Live the Company's values.</li> </ul>	

**Closing date: 31 May 2019.**

**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Geldenhuys**

**Tel: 058 852 3068 \* Fax: 058 852 2216 \* E-Mail: riana@pakworks.co.za**